**PARKTOWN BOYS' HIGH SCHOOL**

**(TAAL, GELETTERDHEID & KOMMUNIKASIE)**

**DEPARTEMENT AFRIKAANS**
**AFRIKAANS (EERSTE ADDISIONELE TAAL)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **GRAAD** | **: 12** | **DATUM** | **: JUNIE 2013** |
| **VRAESTEL** | **: LEESBEGRIP, OPSOMMING en TAAL** | **TYD** | **: 2 UUR** |

---

**EKSAMINATOR : Mnr. W. Swart**
**MODERATOR : Me. M. Watson**

---

**Instruksies:**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:**

| | | |
|---|---|---|
| **Afdeling A:** | **Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B:** | **Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C:** | **Taal** | **(40)** |

2. **Beantwoord AL die vrae.**
3. **Nommer die VRAE wat jy kies korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**
4. **Voer die opdragte, by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.**
5. **Nommer in die middel van die bladsy.**
6. **Begin ELKE VRAAG op 'n NUWE bladsy.**
7. **Skryf met 'n BLOU PEN.**
8. **Trek 'n streep na elke afdeling.**

**Sterkte!**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: KOERANTARTIKEL**

Lees die koerantartikel hieronder en beantwoord die vrae.

# Tatoeëermerke: Ja of nee?

Net gekke en dwase skryf op mure en glase? Dalk nié. ***JIP*** het by Parktown Boys' High School gaan uitvind wat tieners en onderwysers van tatoeëermerke dink en of hulle self een (of meer) sal kry.



**1.** "Ek persoonlik het nie tattoos nie, maar ek is van plan om Desember een te kry. Ek sien dit so - my liggaam is 'n dagboek en eendag sal al my tattoos 'n storie vertel."
**(Jarryd Hattingh)**

**2.** "My opinie daaroor sal 'ja' én 'nee' wees. As 'n tattoo 'n belangrike betekenis het sal ek sê dit is reg, maar dit moet iets wees wat jou persoonlikheid uitbeeld. 'Nee,' as jy dit net doen om 'in' te wees of goed wat nie 'n betekenis dra nie, dan sal ek sê dit is verkeerd."
**(Dylan Pete)**

**3.** "Vir my is tattoos nie sleg nie. Mense sit tattoos op omdat dit hulle aan iemand laat dink of dis hoe hul hulle persoonlikheid uitbeeld."
**(Daniel Lear)**

**4.** "Tattoos is vir my cool, dis 'n manier om 'n statement te maak. My liggaam is 'n tempel en ek verf net die mure."
**(Meneer Van Zyl)**

**5.** "Ek dink dit sê baie as jy bereid is om deur die pyn te gaan om iets wat vir jou belangrik is, permanent op jou vel te graveer, maar daar is niks meer walglik as 'n trampstamp nie. Mense wat 'n werk wil verower waar voorkoms 'n groot rol speel, moet 'n tattoo kry waar dit nie sigbaar is nie."
**(Jason Matthee)**

**6.** "Ek is nou 18 en het 'n klein tattoo op my lae-rug gekry toe ek 14 was. Vandag is ek nie spyt nie. Dit pla my nie regtig nie omdat ek dit nie elke dag kan sien nie. Die Bybel sê dat 'n mens niks aan jou liggaam mag verander nie, soms dink ek tattoos mag dalk verkeerd wees, maar wat as 'n mens 'n kruis of frase van Christenskap op jou tatoeëer? Dit is tog 'n teken dat 'n mens dit vir altyd saam jou wil dra om te bewys jy nooit sal opgee of twyfel nie. 'n Mens se liggaam bly nie verewig nie, net die siel bly en daaraan is tog niks skade aangedoen soos die liggaam met permanente ink nie."
**(Ronlee Jones)**

**Vrae om jouself te vra voor jy by die tatoeëersalon instap:**

- Is die plek higiënies?
- Het die tatoeëerkunstenaar genoegsame ervaring en 'n goeie reputasie?
- Doen ek dit vir die regte redes?
- Gaan ek kan saamleef met my besluit? Sit byvoorbeeld eers 'n foto van die tatoeëermerk wat jy op jou lyf wil aanbring op die yskas vir 'n paar maande en kyk of jy daarmee verveeld raak.
- Gaan die tatoeëermerk wat jy kies, geskik wees vir die tipe werk waarin jy belangstel of gaan dit sorg dat jy nie eers 'n tweede onderhoud kry nie?
- Is dit iets wat jy sal kan verwyder as jy ouer is en dit dalk nie meer wil hê nie?

**(Verwerk en aangepas uit: *Jip*, 13 November 2012)**

**1.1** - Kies die **KORREKTE** antwoord om die vraag te beantwoord.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Waarom wil Jarryd Hattingh 'n tatoeëermerk kry?

**A.** Hy dink dit is 'n uitbeelding van sy persoonlikheid.
**B.** Hy sien sy liggaam as 'n dagboek en sy tatoeëermerke as die stories van sy lewe.
**C.** Sy vriende het druk op hom geplaas om 'n tatoeëermerk te kry.
**D.** Hy voel alle jongmense behoort 'n tatoeëermerk te kry omdat dit 'n storie vertel. **(1)**

**1.2** Wanneer beplan Jarryd Hattingh om sy tatoeëermerk te kry? **(½)**

**1.3** Dylan Pete het 'n verdeelde opinie wanneer dit by tatoeëermerke kom.

**1.3.1** Is hierdie stelling **WAAR** of **ONWAAR**? **(1)**

**1.3.2** Motiveer jou antwoord op vraag 1.3.1 **(1)**

**1.4** - Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder.
- Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

| cool; statement; betekenis; storie; in |
|---|

Volgens Dylan Pete is dit verkeerd om 'n tatoeëermerk te kry as jy dit doen omdat jy **1.4.1** _____ wil wees en dit nie regtig 'n **1.4.2** _____ het nie. **(2)**

**1.5** Haal **DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE** aan wat Daniel Lear se siening van tatoeëermerke opsom. **(1)**

**1.6** Watter woord sê vir ons dat meneer Van Zyl sy lyf as 'n heiligdom beskou? **(½)**

**1.7** Wat suggereer die onderstreepte woord in die onderstaande aanhaling?

**"... maar daar is niks meer <u>walglik</u> as 'n ..."** (Paragraaf 5) **(1)**

**1.8** Hoe lank gelede het Ronlee Jones sy tatoeëermerk gekry? **(1)**

**1.9** Waarom, dink jy, het die joernalis eerder die woord **"tattoo"** as tatoeëermerk in hierdie koerantartikel gebruik? **(2)**

**1.10** - Pas **KOLOM B** by **KOLOM A**.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| **1.10.1** 'n tatoeëermerk<br>**1.10.2** die tatoeëerkunstenaar<br>**1.10.3** die interpretasie van 'n verkeerde tatoeëermerk<br>**1.10.4** 'n tatoeëersalon | **A.** moet genoeg ervaring hê<br>**B.** dit is 'n onbybelse daad<br>**C.** moet higiënies wees<br>**D.** jy kan dalk nie 'n werk kry nie<br>**E.** dink mooi, want dit is permanent op 'n mens se liggaam |

**(4)**

**1.11** Alhoewel tatoeëermerke permanent is, kan dit wel later verwyder word.

**1.11.1** Is hierdie stelling **WAAR** of **ONWAAR**? **(1)**

**1.11.2** Motiveer jou antwoord op vraag 1.11.1 **(1)**

**1.12** - Kies die **KORREKTE** antwoord om die stelling te voltooi.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

**"gekke en dwase skryf (hul name) op mure en glase"** beteken dat

**A.** niemand volmaak is nie.
B. geluk die dommes help.
**C.** 'n mens nie oral jou naam moet skryf nie.
**D.** jy gek is as jy 'n tatoeëermerk wil kry. **(1)**

**TEKS B: GRAFIKA**

Bestudeer die internetgrafika hieronder en beantwoord die vrae.




| | | |
|---|---|---|
| **1.13** | Verduidelik waarom **"Biebs"** tussen aanhalingstekens geskryf is. | **(2)** |
| **1.14** | Hoe lank gelede het Justin Bieber se ma vir hom sy eerste tromstel gekoop? | **(1)** |
| **1.15** | Wat is Justin Bieber se gunsteling rolprent wat ook as musiekblyspel verwerk is? | **(1)** |

**1.16** - Kies die **KORREKTE** antwoord om die stelling te voltooi.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

**"Hy ly aan engtevrees sedert hy sewe jaar oud is"** beteken dat Justin Bieber

**A.** kloustrofobies is.
**B.** 'n sieklike vrees vir oop spasies het.
**C.** 'n vrees vir die paparazzi of sluipfotograwe het.
**D.** baie bang is om oud te word. **(1)**

**1.17** Hoe weet ons dat Justin Bieber se pad na roem 'n sukkel begin gehad het? **(1)**

**1.18** Justin Bieber is nie obsessief oor hoe sy hare lyk nie.

**1.18.1** Is hierdie stelling **WAAR** of **ONWAAR**? **(1)**

**1.18.2** Motiveer jou antwoord op vraag 1.18.1 **(1)**

**1.19** Haal **DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE** aan wat vir ons sê dat Justin Bieber al meer as een keer by Disneyland was. **(1)**

**1.20** - Pas die syfers in **KOLOM B** by die feite oor Justin Bieber in **KOLOM A**.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| **1.20.1** getal aanhangers wat hy op sosiale media het<br>**1.20.2** die voorkoms van die woord in een van sy gewildste liedjies<br>**1.20.3** die getal ander Justin Biebers in Amerika | **A.** 38 miljoen<br>**B.** 18<br>**C.** 90 729 094<br>**D.** 69 |

**(3)**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2: Jou laaste paar weke op skool kan onvergeetlik wees!**

- Som die wenke oor hoe jy jou laaste paar weke op skool onvergeetlik kan maak in **SEWE** sinne op.
- Skryf die wenke in volsinne neer.
- Laat ‘n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die **KORREKTE** getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

## Jou laaste paar weke op skool kan onvergeetlik wees!

**1.** Dis nou of nooit! Jy het slegs ‘n paar weke van skool oor en jy kan so verlore raak in al die akademie dat jy skoon vergeet om die laaste rukkie sosiaal spesiaal te maak. Probeer dus ‘n bietjie tyd tussen die boeke afstaan en geniet jou laaste paar skoolweke.

**2.** Maak die meeste van jou matriekafskeid. Moenie so dom wees om te veel te drink sodat jy jou aand moet kortknip nie. Geniet die feit dat jy en jou metgesel mooi aangetrek is. Voel belangrik – dis jou aand. En onthou – jy het net een matriekafskeid.

**3.** Maak seker dat jy die son die volgende oggend sien opkom. Gaan hou ‘n lekker strandpartytjie die oggend na die matriekafskeid. Hoeveel keer in ‘n mens se lewe sien jy eintlik die son opkom? Maak dit ‘n onvergeetlike ervaring.

**4.** Dit sal miskien ‘n bietjie beplanning verg, maar reël ‘n lekker wegbreeknaweek. Hou dit na die matriekafskeid. Jy en ‘n groep vriende. Gaan kamp lekker en herleef die stories van die matriekafskeid.

**5.** Huur ‘n lekker fliek wat jy en jou maats saam gekyk het toe julle nog op laerskool was. Slaap oor by iemand se huis, kyk die fliek saam, lag heerlik oor julle jongdae en eet springmielies.

**6.** Wees braaf en bespreek die voorste ry in ‘n komedie-vertoning. Sit almal bymekaar en wees bereid om deur die komediant gespot te word.

**7.** Niks bind mense so saam as om saam te sukkel nie. Gaan speel kegelbal of gaan ysskaats op ‘n Saterdagmiddag. Breek weg van die boeke af vir ‘n paar uur. Gaan gly, val en lag lekker.

**8.** Jy is op die drumpel van die grootmenswêreld en dinge gaan vir ewig verander. Hou ‘n dagboek oor jou laaste paar weke in matriek. Maak notas oor jou vriende en wat hulle vir jou beteken. Een van die dae spat julle in verskillede rigtings en sien mekaar miskien nooit weer nie.

**(Verwerk en aangepas uit: *Jip,* Augustus 2012*)***

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3**

**TEKS D: INTERNETGRAFIKA**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande internetgrafika gebaseer.




**3.1 "Wat jy moet weet voordat jy een koop."**

**3.1.1** - Kies die **KORREKTE** woord tussen hakies.
- Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die bogenoemde sin is 'n voorbeeld van 'n **(stelsin / bevelsin)**. **(1)**

**3.1.2** Verander die bogenoemde sin in 'n **VRAAGSIN**. **(1)**

**3.2** Skryf die onderstreepte **AFKORTING** in **"<u>UV</u> 400"** voluit in woorde neer. **(1)**

**3.3** Skryf die sin oor in die **INFINITIEF**.

‘n Goeie sonbril moet “UV 400”-beskerming bied.

<u>Begin só</u>: ‘n Goeie sonbril behoort … **(1)**

**3.4** Skryf die sin oor in die **BEDRYWENDE VORM**.

Die UV-strale word deur die voorruit van ‘n motor gefilter. **(1)**

**3.5** Skryf die sin oor in die **ONTKENNENDE VORM**.

Óf kleur óf tint is ‘n aanduiding van UV-beskerming. **(1)**

**3.6** Kies die korrekte **VOORSETSEL** tussen hakies.

Beskerm jou oë **(aan / teen / by)** sonlig deur ‘n goeie sonbril te dra. **(1)**

**3.7**
- Kies die **KORREKTE** antwoord om die stelling te voltooi.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

**‘Gekleurde (getinte) lense”** is belangrik

**A.** as jy baie modieus wil lyk.
**B.** wanneer jy in die aand bestuur.
**C.** om ‘n mens se oë te beskerm.
**D.** wanneer jy gereeld met ‘n rekenaar werk. **(1)**

**3.8**
- Gee die **VERGROTENDE TRAP** van die woorde tussen hakies.
- Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Hoe **3.8.1 (donker)** jou lense is **hoe 3.8.2 (veilig)** is jou oë. **(2)**

**3.9** **VERBIND** die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.

Gekleurde lense kan droogheid en moegheid teenwerk.
Dit verminder die lig wat jou oog binnedring. (aangesien)

<u>Begin só</u>: Aangesien … **(3)**

**3.10** Skryf die sin oor in die **ONTKENNENDE VORM**.

Jagters en waterski-entoesiaste moet pers of rooskleurige lense dra.

<u>Begin só</u>: Nie alleen …. **(3)**

**3.11**
- Kies die **KORREKTE** woord tussen hakies.
- Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die **(sonbrille / sonbril)** wat jy langs die viswaters dra, moet ‘n ligte raam hê. **(1)**

**3.12** Gee die **KORREKTE VORM** van die **VOORNAAMWOORD** tussen hakies.

Die sonbril **(met + wat)** 'n mens bestuur, is baie belangrik. **(1)**

**3.13** Gebruik die woord tussen hakies in jou eie sin sodat dit 'n **ANDER BETEKENIS** het as die sin hieronder.

'n Bril met 'n ligte raam sal **(dryf)** as dit in die water val. **(1)**


**3.14** Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woord tussen hakies.

As jy **(graag)** langs die viswaters staan, is dit belangrik om die regte sonbril te dra. **(1)**
**[20]**

**VRAAG 4**

**TEKS E: INTERNETGRAFIKA**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande internetgrafika gebaseer.



**4.1** Skryf die sin oor in die **TOEKOMENDE TYD**.

Haarstiliste in die Kaap kry 'n fooitjie van 10% - 15%. **(1)**

**4.2** - Kies die **KORREKTE** woord tussen hakies.
- Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die **(klante / kliënte)** by haarsalonne in die Kaap moet groot fooitjies betaal. **(1)**

**4.3** Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE**.

Die haarwasser het gesê: "Ek het verlede maand R450-00 uit fooitjies verdien." **(2)**

**4.4** Skryf die sin oor in die **INFINITIEF**.

'n Portier by Kaapstad Internasionale Lughawe kry gemiddeld R5-00 per stuk bagasie.

Begin só: Dit blyk … **(1)**

**4.5** Wat noem 'n mens iemand wat die Kaap vir vakansie besoek?

Voltooi die sin: Hy is 'n (een woord) … **(1)**

**4.6** Skryf die sin hieronder oor met die korrekte **LEESTEKENS** en **HOOFLETTERS**.

alhoewel Kaapse kelners 'n fooitjie van tot 20% kry verdien johannesburgse kelners meer **(2)**

**4.7** Skryf die sin oor en rangskik die gedeelte tussen hakies in die **KORREKTE VOLGORDE**.

Wanneer jy met 'n besoek in die Kaap aanland, moet (met jou aankoms op die lughawe / jy / begin betaal / fooitjies). **(1)**

**4.8** Gee die **VERKLEININGSVORM** van die woord tussen hakies.

Die (wind) kan soms geniepsig wees; daarom is 'n bestuurder en toergids nodig. **(1)**

**4.9** Gee die **ANTONIEM** van die woord tussen hakies.

Restaurantkelners sal **(tevrede)** wees as hulle 'n fooitjie van minder as 10% kry. **(1)**

**4.10** - **VOLTOOI** die sin.
- Skryf net die korrekte antwoord neer.

Hierdie internetgrafika waarsku besoekers aan die Kaap dat ... **(2)**

**4.11** Gebruik die sin hieronder en jou kennis van die **INFINITIEF** en **SKEIBARE WERKWOORD** en voltooi die sinne.

Restaurantkelners stap soms met 'n fooitjie van R50-00 weg.

**4.11.1** Restaurantkelners sal ... **(1)**
**4.11.2** Restaurantkelners het ... **(1)**
**4.11.3** Restaurantkelners blyk ... **(1)**
**4.11.4** Blykbaar ... **(1)**

**4.12** Skryf die sin oor in die **LYDENDE VORM**.

Die gaste in 'n restaurant betaal 'n 10% standaard fooi. **(1)**

**4.13** Gee die **AFRIKAANSE WOORD** vir die woord tussen hakies.

As jy 'n goeie fooitjie betaal, kan die aand baie **(profitable)** vir die restaurantkelner wees. **(1)**

**4.14** Wat sal die vraag wees as die woorde in hakies die antwoord is?

**(Hotelwerkers in die Kaap)** kry 'n 10% fooitjie wanneer gaste die hotel verlaat. **(1)**
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**
**GROOTTOTAAL: [80]**